

# *Nuwe Lied Bediening*

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

# Die Pesagseder

## (DIE PESAGMAALTYD)

Opgestel deur Johan Kriel

*Kopieë mag van hierdie handleiding gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*

## DOEL VAN DIE HANDLEIDING

Hierdie handleiding is opgestel met die doel om as hulpmiddel gebruik te word tydens die Pesagseder (Pasgamaal, Paasmaal).

Talle gelowiges wat terugkeer tot hulle Hebreeuse wortels vier Pesag op 14 Nisan en op gepaste wyse deur 'n Pesagmaal (Sedermaal) as gesin, of saam met familie en vriende, te eet soos wat dit vir eeue reeds gedoen word en ook soos dit in die tyd van Yeshua Messias gedoen was.

Hierdie handleiding bestaan uit twee dele:

**Deel 1** is hoofsaaklik inligting vir die persoon, gewoonlik die vader van die gesin, wat die Pesagseder sal lei. Hierdie inligting is ook handig vir die voorbereiding vir die Pesagmaal. Dit is ook inligting wat voor die aanvang van die maaltyd met almal wat teenwoordig is, gedeel behoort te word sodat almal beter insig het in die verloop van die Pesagseder, asook in die simbole wat op die tafel is.

**Deel 2** bevat die uiteensetting (volgorde) van die Pesagseder. Daar is drie opsies om van te kies en watter een as handleiding gebruik sal word, moet volgens behoefte en omstandighede bepaal word. Meestal word opsie drie, naamlik *Die Pesagseder Haggadah* verkies, wanneer die Pesag by wyse van 'n maaltyd die eerste keer gevier word. Die rede is dat dit die minste tyd in beslag neem en daarom ook verkies word as daar babas of kleuters teenwoordig is.

Dit is aan te beveel dat die persoon wat die Pesagseder lei vertrouwd moet wees met die inhoud van Deel 1, veral met die *Inleiding en Agtergrond*, asook met die inhoud van al drie handleidings van Deel 2, ongeag watter een van die drie gebruik gaan word. Dit sal die taak van die persoon wat die Pesagseder lei vergemaklik.

'n Groot verantwoordelikheid rus op die persoon wat die Pesagseder lei om toe te sien dat alles vlot verloop. Daarom is dit ook aan te beveel dat die persoon wat die Pesagseder lei ook goeie kennis van die Feestyte van YHWH het, veral van die eerste feesseisoen van Pesag.

Dit moet egter beklemtoon word dat daar geen regte of verkeerde wyse is om die Pesagseder te vier nie. Daarom moet hierdie handleiding slegs as 'n hulpmiddel en riglyn gesien word. Die belangrikste is om seker te maak dat die sentrale boodskap van Pesag herdenk word, naamlik: 'n Herinnering en danksegging vir ons bevryding van die slawejuk en skuldias van sonde deur die folterdood, begrafnis en opstanding van Yeshua ons Messias.

-0-0-0-0-0-0-0-0-



## DEEL 1: INLEIDING EN AGTERGROND

Volgens die Skrifte (Bybel) is die datum waarop die Pesag (die Pasga; Paasfees) gevier moet word, op die veertiende dag van die eerste maand soos dit in Ex. 12:1 tot 8 opgeteken is. Volgens die Joodse burgerlike kalender is dit die 14 Nisan (ook bekend as Aviv of Abib). Die datum vir Pesag word dus volgens YHWH se kalender vasgestel en sal daarom nie jaarliks op dieselfde datum volgens die kalender wat die wêreld gebruik (die Gregoriese kalender) val nie.

Die kerk vier Paasfees egter **nie** op 14 Nisan nie, maar wel op 'n datum wat volgens heidense gebruik vasgestel word. Meer inligting oor die misleiding van Paasfees (*Easter*), kan afgelaai word by:

[http://nuwelied.info/?page\\_id=340](http://nuwelied.info/?page_id=340)

Die Pesagmaal word gewoonlik teen die aand (sonder) van die 14 Nisan geëet, met ander woorde aan die einde van die 14 Nisan en sal dus na die aanvang van die 15 Nisan eindig. [Onthou dat volgens die Skrifte, en derhalwe volgens die Jode, begin 'n nuwe dag teen sonder]. Dit beteken dat die sedermaal deel sal vorm van die begin van die 15e dag van Nisan wat ook die begin van die Fees van Ongesuurde Brood is en wat ook as 'n Shabbat gedenk word. Onthou: Israel het uit Egipte getrek op die oggend van die 15e dag van die eerste maand (Nisan).

Die woord *seder* beteken die orde, naamlik hoe die Paasmaal verloop. Dit is die volgorde van die verrigtinge ten opsigte van die viering van Pesag tydens die eet van die Pesagseder (Sedermaal).

Die *Haggadah* is die skriftelike handleiding wat tydens die Pesagmaal gebruik word om te verseker dat almal verstaan en kan deelneem aan die Pesagviering en dat alles volgens die *seder* (ordelik) verloop.

Die doel van hierdie skrywe is om as 'n handleiding (*Haggadah*) te dien vir die viering van die Pesagmaal. Dit bevat slegs inligting en sekere riglyne ten opsigte van die Pesagseder. Hierdie is slegs 'n hulpmiddel, **want daar is geen regte of verkeerde wyse om dit te vier nie**. Die belangrikste is om seker te maak dat die sentrale boodskap van die Pesag herdenk word, naamlik: 'n Herinnering en danksegging vir ons bevryding van die slawejuk

en skuldias van sonde deur die kruisdood, begrafnis en opstanding van Yeshua ons Messias, die Lam van God.

'n Afskrif van die handleiding (die *Haggadah* gedeelte wat gebruik gaan word) kan aan elkeen wat deelneem aan die Pesagmaal gegee word, veral indien die leier ander aan etenstafel wil vra om sekere van die Skrifte te lees. Op dié wyse word groter deelname verseker. Daar is drie handleidings om van te kies, naamlik:

1. **Die Messiaanse *Haggadah*** wat gebaseer is op 'n tradisionele Pesagseder volgens Joodse gebruik, maar met die nodige aanpassings soos deur Messiaanse Gelowiges (Christene) gebruik word.
2. **Die Verkorte Messiaanse *Haggadah***, is soos die naam aandui 'n verkorte weergawe van bogenoemde, naamlik van die Messiaanse *Haggadah*.
3. **Die Pesagseder *Haggadah***, waar feitlik alle Joodse tradisies uitgehaal is en wat 'n baie kort weergawe is van hoe die Paasmaal gevier kan word.

Elk van hierdie drie handleidings kan ook verder aangepas word om by elkeen se behoeftes en omstandighede te pas. Uit hierdie inligting kan elkeen ook 'n eie handleiding opstel. Lees Deel 1, asook elk van die drie handleidings, en besluit dan watter een gebruik gaan word.

### **Die Simbole van die Pesagseder**

Die tradisionele Paasmaal is ryk aan simboliek en dit is aan te beveel dat die leier kortliks elkeen van die simbole wat gebruik sal word, sal verduidelik. Die volgende simbole kan gebruik word om op die etenstafel te plaas (Die simbole wat gebruik en verduidelik moet word, sal uiteraard afhang van watter *Haggadah* gebruik gaan word):

1. Ongesuurde brood bekend as matzah (matzos) volgens Ex. 29:7 en Deut. 16:3. Matzah kan by die meeste supermarkte gekoop word. Hierdie verwys ook na die Fees van Ongesuurde Brood wat die dag na die Pesag begin en vir sewe dae duur.



Ongesuurde brood – matzah. Let ook op hoe die brood 'n afbeelding van Jes. 53:5 is:  
*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

2. 'n Bakkie met soutwater wat simbolies is van die trane van Israel in Egipte. Hierdie is deel van tradisie en is nie noodsaaklik nie, hoewel dit tog 'n geestelike betekenis het soos later verduidelik sal word.
3. Twee kerse. Hierdie is ook deel van tradisie en kan weggelaat word.
4. 'n *Afikoman* en wit linnedoek (groot wit servet). Hoewel hierdie ook deel van tradisie is, is dit aan te beveel om dit in te sluit, veral omrede dit 'n duidelike heenwysing na Messias is. Die Afikoman is 'n sakkie van wit linne wat drie verdelings het en word die *matzah tash* genoem. In elke verdeling word 'n stukkie ongesuurde brood geplaas. [In plaas van 'n sakkie kan die drie stukkie matzah tussen wit servette geplaas word]. Tydens die Pesagmaal word die middelste matzah uitgehaal en in twee gebreek. Die een helfte word terug in die middelste deel van die sakkie geplaas, terwyl die ander helfte in die linnedoek toegedraai word. Dit is hierdie toegedraaide stukkie matzah wat spesifiek as die Afikoman bekend staan. Volgens Joodse tradisie is die drie stukkie ongesuurde brood in die sakkie 'n afbeelding van Abraham, Isak en Jakob. Vir die gelowige in Yeshua Messias weet ons dat Isak nie "gebreek" was nie, maar wel Yeshua wie se liggaam aan die kruis die gebreekte "Ongesuurde Brood" was. Daarom is die ongesuurde brood (Matzah) in die *matzah tash* 'n afbeelding van Vader, Seun en Heilige (Afgesonderde) Gees (die Ruach HaKodesh).



'n Voorbeeld van 'n *Afikoman* en wit linnedoek (groot wit servet) waarin die gebreekte middelste matzah in toegedraai word.

5. Dit is ook die gebruik om 'n Sederbord op die tafel te plaas wat die simbole van die Pesag bevat. 'n Spesiale sederbord kan gekoop word of enige bord kan vir die doel gebruik word. Die volgende word daarop geplaas:
  - 'n Skeenbeen van 'n lam as herinnering van die Pesaglam wat geslag is (Ex. 12:5 en 6)
  - Bitter kruie (Ex. 12:8). Gewoonlik word gerasperde radyse of uie gebruik
  - Stukkie ongesuurde brood (Matzah)



Voorbeeld van 'n tradisionele  
Joodse sederbord

Met die jare is ander simbole as deel van tradisie bygevoeg wat ook op die sederbord geplaas kan word, ondermeer:

- 'n Groen groente bekend as *Karpas*. Hierdie is simbolies van die hissoptakkie wat gebruik is om die bloed aan die deurkossyne te smeer (Ex. 12:22). 'n Takkie pietersielie word gewoonlik gebruik, maar seldery of blaarslaai is ook geskik. Daar moet genoeg karpas wees sodat elkeen 'n stukkie kan kry. Daarom is daar dus ook 'n aparte bakkie(s) met genoeg karpas en word dié op die bord meestal nie vir die doel gebruik nie.
- 'n Mengsel van gerasperde appel, fyn neute, rosyne en kaneel wat met 'n klie bietjie wyn gemeng is en *Charoseth* genoem word. Hierdie is simbolies van die stene en klei wat die Israeliete in Egipte moes maak (Ex. 1:14) en dus ook 'n herinnering aan die slawejuk. Daar moet minstens 'n teelepelvol vir elke persoon wees. Soos in die geval van die karpas moet daar ook 'n aparte bakkie(s) hiervan wees.
- 'n Hard gekookte eier. Messiaanse Christene verkies om hierdie weg te laat aangesien dit heelwaarskynlik 'n afgode verbintenis het.

Die *karpas*, *charoseth*, asook die eier is volgens tradisie en kan dus weggelaat word.

6. Vier bekere met wyn wat 'n afbeelding en heenwysing van die volgende is:

- Beker van Afsondering (Heiligmaking, toewyding, *set-apartness*)
- Beker van Oordeel (Tien Plae)
- Beker van Verlossing (Bevryding)
- Beker van Lofprysing

7. 'n Glas wyn of druiwesap vir elke persoon.

8. Tradisioneel word skaapboud as vleisgereg bedien.

**Nota:** Dit moet beklemtoon word dat hierdie geensins 'n poging is om al die verskillende variasies, simbole en betekenisse te bespreek nie, maar slegs om sekere basiese inligting oor te dra.

-0-0-0-0-0-0-0-0-



## DEEL 2: PAASSEDER HANDLEIDINGS

### Handleiding 1: DIE MESSIAANSE HAGGADAH

**Die Messiaanse Haggadah** is gebaseer op 'n tradisionele Pesagseder volgens Joodse gebruik, maar met die nodige aanpassings soos deur Messiaanse Christene gebruik word.

[**Die simbole** wat gebruik word is soos die wat in Deel 1 uiteengesit word, maar sonder die hard gekookte eier]

#### INLEIDING EN AGTERGROND

Ons vier die Pesag as herinnering van die bevryding van Israel van die slawejuk in Egipte, maar veral as herinnering en danksegging vir ons eie bevryding van die slawejuk van sonde deur die kruisdood en opstanding van Yeshua ons Messias. Vanaand is ons opnuut dankbaar vir die versoening deur die kosbare bloed van die Lam van God en dat elkeen wat glo die ewige lewe ontvang het.

Die wyse wat ons die Pesag vier is gebaseer op die tradisionele Joodse wyse. Die rede is dat ons as nie-Jode die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is (Rom.11:17 en Ef. 2:12 tot 14).

Ons weet dat Yeshua sy disippels gestuur het om die Pesag te gaan voorberei.

Lees Luk. 22:15.

*En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pesag met julle te eet voordat Ek ly.*

Lees Matt.5:17 tot 20.

*Moenie dink dat Ek (Yeshua) gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan,*



*sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie.*

*Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.*

Ons glo dat ons Hemelse Vader en Yeshua deur die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) ook vanaand hier teenwoordig is, want dit is 'n baie spesiale geleentheid en 'n opdrag dat ons die Pesag jaarliks moet gedenk.

Kom ons begin hierdie Pesagseder deur onself te herinner aan wat YHVH deur Moses aan Israel gesê het:

Lees Ex. 12:1 tot 14

*En YHVH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammertjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.*

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.*

*Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand. En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pesag van YHVH is dit. Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, YHVH. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder*

*julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. En hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van YHVH vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.*

Lees 1 Kor. 5:7 en 8.

*Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Yeshua Messias. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.*

Eeue gelede het die kinders van Israel in Egipte, in die landstreek Gosen, gewoon. Daar was hulle voorspoedig en het sodanig vermeerder en suksesvol gewees dat hulle 'n bedreiging vir Faraο geworden het. Daarom het hy slawe van hulle gemaak. Met verloop van tyd moes hulle al harder werk onder omstandighede wat al moeiliker geword het. Dit het onuithoudbaar geword en die kinders van Israel het geroep tot die die God van Abraham, Isak en Jakob. YHVH het hulle hulpkreet gehoor en Hy het Sy verbond met Abraham onthou. Daarom het Hy sy volk onder die leiding van Moses, en met tekens en wonders, van die slawejuk bevry en hulle uit Egipte gebring.

Soos die Israëliete van ouds het ons ook gebuk gegaan onder die slawejuk van sonde. Ons het ook tot YHVH geroep om ons te verlos van die sonde en ons te vergewe. Soos Israel deur die bloed van 'n lam bevry was, so is ons elkeen ook bevry deur die bloed van die Lam van God, naamlik Yeshua ons Messias – Die Gesalfde Een.

Op 'n aand soos vanaand het die kinders van Israel die eerste Pesag herdenk. Vanaand vier ons ook die Pesag as dankbare herinnering van dit wat YHVH vir Israel gedoen het, maar ook as herinnering dat Hy vir Yeshua Messias, Sy Seun, gestuur het om ons van die sonde en die sondeskuld te bevry.

YHVH, ons Vader, beveel ons om vir ewig in herinnering te roep dit wat Hy vir ons gedoen het, in die verlede en ook nou.

Vanaand vier en gedenk ons Israel se vryheid, asook ons eie vryheid!! Ons is deel van Israel, want ons is die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is volgens Romeine 11.

## **DIE AANSTEEK VAN DIE KERSE EN DIE SEËNGEBED**

YHVH is Lig. Die aansteek van kerse is simbolies van die Lig van YHVH en die Lig van Torah, die Woord wat vlees geword het en in ons midde kom woon het.

Lees Joh. 8:12.

*En Yeshua het weer met hulle gesprek en gesê: Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.*

In Gen. 3:15 lees ons dat hierdie Lig, Yeshua Messias, in die wêreld sou kom deur die saad van 'n vrou:

*En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.*

Daarom is dit gepas dat 'n vrou die twee kerse aansteek en met 'n seëngebed die Pesag begin:

[Die leier vra sy eggenote, of die gasvrou, om die twee kerse aan te steek en die volgende seëngebed te bid]

*Geseënd is U YHVH ons God, Koning van die hemel en die aarde wat ons deur U Woord afsonder (heilig) en wat vir ons Yeshua Messias, die Lig van die wêreld gegee het. In die Naam van Yeshua ons Messias vra ons ook dat U vanaand ons harte sal verlig met die waarheid aangaande die Pesag.*

**Leier:** Vanaand gaan ons drink van die vier bekere wyn, wat die volgende simboliseer volgens die beloftes in Ex. 6:5 en 6:

*Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is YHVH, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek YHVH julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit.*

Die vier bekere verteenwoordig:

- Beker van Afsondering (Heiligmaking, toewyding, *set-apartness*)
- Beker van Oordeel, simbolies van die 10 plae.
- Beker van Verlossing (Bevryding)
- Beker van Lofprysing

## **EERSTE BEKER: BEKER VAN AFSONDERING (HEILIGMAKING)**

Die eerste beker is die Beker van Afsondering en beteken om deur YHWH uitgeroep te word en om vir Hom uitgesonder (afgesonder) te word. Deur die bevryding van die Egiptiese slawejuk het YHWH deur die bloed van die geslagde lam vir Israel uitgeroep en afgesonder om 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie te wees:

Lees Ex. 19:5 en 6.

*As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.*

Net so is ons deur die bloed van Yeshua Messias, die Lam van God, bevry en uitgeroep en afgesonder as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n heilige volk

Lees 1 Pet. 2:9.

*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig*

Lees Rom 6:20 tot 23.

*Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waaroor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Yeshua Messias, onse Meester.*

Wanneer ons vanaand van hierdie beker drink herinner ons, onself aan die kosbare bloed van Yeshua ons Messias waarmee ons duur gekoop is en waarmee YHWH ons tot 'n lewe van afsondering (heiligmaking) uitgekies het. Soos daar geskrywe staan: *Wees heilig want ek is heilig* (1 Pet. 1:15).

Laat ons dan met dit in gedagte van die eerste beker drink – die beker van afsondering (heiligmaking). [Elkeen neem 'n slukkie wyn/druiwesap uit die glas wat vir hom/haar voorsien is].

### **Karpas: Eet van pietersielie wat in soutwater gedoop word**

Die *karpas* (pietersielie, seldery, blaarslaai) herinner ons aan die hissoptakkie waarmee die Israeliete die bloed van die geslagde lam aan die deurkosyne van hulle huise gesmeer het.

Lees Ex 12:7 en 13

*En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.*

*Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.*

So ook is die *karpas* vir ons 'n herinnering aan die bloed van Yeshua Messias wat aan die deurkosyne van ons hart gesmeer is en wat ons vrywaar van YHVH se oordeel.

Lees Matt. 26:28.

*Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.*

Die *karpas* wat in die soutwater gedoop word herinner ons ook aan die trane wat in Egipte gestort was weens die slawerny. So word ons ook herinner aan die trane van 'n slawelewe van sonde. Trane is deel van die redding deur YHVH se genade in Yeshua en sal ook deel wees van die laaste dae voor Messias se wederkoms.

Lees Ex. 2:23 tot 25

*En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot YHWH. En God het hulle gekerm gehoor, en God het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.*

Lees Jer. 31:9.

*Hulle sal kom met geweën, en met smeking sal Ek hulle lei; Ek sal hulle bring by waterstrome, op 'n gelyk pad waarop hulle nie sal struikel nie; want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene.*

Neem elkeen 'n stukkie *karpas* en doop dit in die soutwater en eet dit terwyl ons, onself herinner dat daar 'n tyd was toe ons slawe van die sonde was,

maar dat YHWH ons hulpgeroep gehoor het en ons redding deur Yeshua Messias moontlik gemaak het.

### **DIE AFIKOMAN: Breek van middelste Matzah en die "wegsteek" van die Afikoman**

Die *Afikoman* in die wit linnedoek is 'n duidelike heenwysing na Yeshua Messias en van sy kruisiging, begrafnis en opstanding. Die drie ongesuurde brode in die *matzah tash* verteenwoordig die Vader, die Seun en die Afgesonderde Gees.

[Die leier haal die middelste matzah, wat Yeshua verteenwoordig, uit en breek dit in twee].

Lees Jes. 53:5:

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

Die letterlike betekenis van *Afikoman* is ondermeer: *Dit wat later kom!* Hierdie is die brood wat Yeshua die aand van die Pesag saam met sy disippels geëet het.

Lees Joh. 6:48 tot 51.

*Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.*

Hierdie is ook die ongesuurde brood wat ons voorvaders die eerste Pesag in Egipte geëet het. Dit herinner ons ook aan die Fees van Ongesuurde Brood wat die dag na die Pesag, naamlik 15 Nisan, begin en vir sewe dae duur en 'n afbeelding van 'n lewe van heiligmaking is, naamlik afgesonder vir YHWH ons God en Vader.

Lees Deut. 16:3

*Jy mag geen gesuurde brood daarby eet nie; sewe dae lank moet jy ongesuurde brode daarby eet, brood van ellende—want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek—sodat jy al die dae van jou lewe die dag van jou uittog uit Egipteland in gedagtenis kan hou.*

[Die een gedeelte word nou teruggeplaas in die *matzah tash* (sakkie) en die ander gedeelte word toegedraai in die linnedoek.]

Yeshua was toegedraai in 'n wit linne doek en was drie dae en drie nagte in die graf.

Lees Matt. 27:57 tot 61.

*En toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef, wat self ook 'n dissipel van Yeshua was. Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Yeshua gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word. En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan. En Maria Magdaléna was daar en die ander Maria, en hulle het reg voor die graf gesit.*

[Die leier vra 'n persoon om Jes. 53: 1 tot 12 te lees terwyl een van die kinders, of 'n volwassene, die toegedraaide stukkie matzah, die Afikoman, gaan "wegsteek". Indien kinders teenwoordig is, kan hulle gevra word om dit later gedurende die Pesagseder "te gaan soek"]

Lees. Jes. 53:1 tot 12.

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van YHVH geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlijkheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.*

*Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar YHVH het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.*

*Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie*

*ooggemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daarvoor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.*

*En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Maar dit het YHVH behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van YHVH sal deur sy hand voorspoedig wees.*

*Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

### **DIE TWEDE BEKER: DIE BEKER VAN OORDEEL**

Die tweede beker verteenwoordig die beker van oordeel soos deur die tien plae uitgebeeld word.

Lees Ex. 12:23 tot 27.

*Want YHVH sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal YHVH by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie. Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid. En as julle in die land kom wat YHVH aan julle sal gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie diens onderhou. En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan YHVH, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.*

Lees Ex. 13:8 tot 10

*En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHVH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van YHVH in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het YHVH jou uit Egipte uitgelei. Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar.*



Ons moet die Pesag dus jaarliks vier soos YHVH ons Vader ons beveel het. Dit is 'n herinnering van Sy liefde en reddende genade.

**[Indien kinders deel van die Pesagseder is kan die verhaal van die Israeliete in Egipte, van Moses en sy vlug uit Egipte, die roeping van Moses, die tien plae; die instelling van die Paasfees en die uittog uit Egipte vertel word. Andersins kan daar direk oorgegaan word tot die drink van die tweede beker.]**

Die tweede beker wat ons drink is dus 'n herinnering aan die oordele (tien plae) wat YHVH oor Egipte gebring het en as 'n herinnering dat in Yeshua is ons eie sonde geoordeel en gestraf. Die tien plae is 'n herinnering dat wanneer die mens teen YHVH die Almagtige se wil handel (sondig) is die gevolg oordeel en straf. So herinner ons, onself daaraan dat die loon van die sonde die dood is. Die Psalmdigter sê: My beker loop oor. 'n Beker wat oorloop simboliseer oorfloed en vreugde. Die mens wat nie in die weë van die Almagtige wandel nie, se beker sal nie oorloop nie.

Deur die kragtige hand van YHVH het Hy Israel bevry. Elkeen wat in hulle huise waar die bloed aan die deurkose gesmeer was van die Paaslam, saam met ongesuurde brode en bitterkruie geëet het, het Egipte as bevrydes verlaat. YHVH het Israel deur die Rooisee gelei, aan hulle water en manna voorsien, die Shabbat as rusdag gegee en by die berg Sinai vir hulle Torah gegee – YHVH se onderrig en instruksies, en waarin ondermeer die belofte van die verlossing deur Yeshua in opgeteken is.

Ons kan waarlik YHVH loof en prys dat Hy op 'n bonatuurlike wyse ons voorgeslagde en inderwaarheid onself gered het deur die sondes van Farao te oordeel en so ook ons eie sondes in Yeshua Messias geoordeel het sodat ons vry van sondeskuld Hom kan dien. Israel is bevry deur die dood van die eersgeborene. Ons is bevry deur die dood van YHVH se eersgeborene, Yeshua ons Messias.

Kom ons drink van die beker wat ons herinner aan YHVH se oordeel wat tot ons bevryding gelei het. [Elkeen neem 'n slukkie wyn/druiwesap]

**Die drie simbole van Pesag: Die lam, die ongesuurde brood en die bitterkruie:**

Alleenlik wanneer ons die geestelike betekenis van drie simbole verstaan kan ons die ware doel en betekenis van die Pesag verstaan. Laat ons dan onself vanaand opnuut hieraan herinner.

**Die Lam:**

Die lam is 'n herinnering aan die lam wat geslag was en die bloed van die lam wat met 'n hissoptakkie aan die deurkose gesmeer was. Die geslagde lam was oor vuur gebrui en elkeen het daarvan geëet.

Lees Joh. 1:29 en 36

*Die volgende dag sien Johannes Yeshua na hom toe kom, en hy sê:  
Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*

Lees Hand. 8:32

*En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít:  
Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom  
is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.*

Lees 1 Pet. 1:18 tot 20

*omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud,  
losgekoopt is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders  
oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Messias, soos van  
'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die  
grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is  
om julle ontwil,*

Yeshua Messias is ons Paaslam wat vir ons geslag is. Die bloed van die Lam van God is ons vergifnis en versoening. Waar YHWH die bloed van die Lam aan die deurkosyne van ons harte sien, sal Hy verbygaan in die dag van oordeel.

### **Die Ongesuurde Brood:**

Die ongesuurde brood is 'n herinnering dat ons alle suurdeeg (sonde) uit ons lewens moet verwyder. Dit is ook 'n herinnering dat Yeshua die Brood van die Lewe is en dat ons nie net van brood alleen kan lewe nie, maar van elke Woord uit die mond van YHWH.

Lees Ex. 12:20

*Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet  
julle ongesuurde brode eet.*

Lees Rom. 6:11 en 12

*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend  
is vir God in Yeshua Messias, onse Meester. Laat die sonde dan in julle  
sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou  
wees nie.*

Lees Joh. 6:33 en 35

*Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.*

*En Yeshua sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*

Wanneer ons nou hiervan eet, doen ons dit met nuwe toewyding om aan die vleeslike begeertes te sterf. Ons doen dit ook met dankbare harte dat daar in Yeshua in al ons behoeftes voorsien word – gees, siel en liggaam.

[Leier haal die oorblywende matzah uit die sakkie en breek 'n stukkie af vir elkeen om te eet].

### **Die Bitter Kruie**

Die bitterkruie simboliseer die swaarkry, naamlik die bitterheid van die lewe as slawe in Egipte. Dit herinner ons ook aan die bitterheid van die lewe as slawe van sonde toe ons nie die soetheid (vreugde) geken het van 'n lewe in Yeshua Messias nie.

Lees Ex. 1:13 en 14

*Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met hardheid laat dien en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye—al dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig het.*

Lees Ex. 12:8

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.*

Lees Rom. 6:17 en 18

*Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.*

[Leier gee vir elkeen nog 'n stukkie matzah en elkeen doop dit in die bitterkruie en eet dit]

Jaar na jaar moet ons mekaar herinner en ons kinders vertel dat ons almal uit Egipte, naamlik uit sonde weggetrek het. Soos dit in Torah opgeskryf is: *En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHWH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. (Ex. 13:8)*

**Charoseth (Klei van ellende):** Brood van ellende.

[Hierdie is nie deel van die drie simbole nie, maar is Joodse tradisie wat wel met die bitterkruie in verband gebring word. Dit kan dus weggelaat word. Volgens oorlewering het Yeshua en Judas hulle matzah (brood) hierin gedoop, maar dit kon net sowel die bitterkruie gewees het].

Die klei van ellende is 'n herinnering aan die swaar arbeid in Egipte as slawe, maar nou eet ons dit as herinnering dat ons nou rus gevind het. In Messias rus ons nou ook van die vereistes van voortdurende offers vir ons sondes. Hy is die eenmalige offer wat al ons sondes weggeneem het en geen verdere offers is meer nodig nie.

[Leier gee vir elkeen nog 'n stukkie matzah en elkeen doop dit in die charoseth en eet dit, of elkeen kan 'n "toebroodjie" met twee stukkes matzah maak].

Laat hierdie ook vir ons 'n herinnering wees van YHVH se genade, barmhartigheid en liefde vir ons elkeen, want Hy het Yeshua Messias gestuur om ons Paaslam te wees. Soos Israel van ouds verlos is van die slawejuk, so het Messias ons van die sonde verlos – die ellende van sonde wat die ewige dood tot gevolg het.

## **NOU WORD DIE SEDERMAAL GEËET**

**[Die sederbord en ander simbole, behalwe die vier glase wyn, kan nou ook verwyder word]**

### **DIE AFIKOMAN**

[Na die maaltyd word al die borde en opskepbakke van die tafel verwyder, behalwe die vier glase wyn en 'n glas wyn/druiwesap vir elke persoon. Indien kinders teenwoordig is, word hulle gestuur om die Afikoman te gaan soek en die leier "koop" dan die Afikoman by die kind wat dit gekry het. Die leier haal die toegedraaide matzah uit die linnedoek]

Hierdie is 'n duidelike afbeelding van die opstanding van Yeshua Messias. Hy was in wit linne toegedraai en in die graf geplaas. Ons Messias het egter opgestaan en die graf was leeg. Daar was net die wit linnedoek in die graf.

Lees Mar 16:6

*En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Yeshua die Nasaréner wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.*

Lees Luk 24:12

*Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.*

Daarom is dit gepas dat ons die voorbeeld van ons Messias volg deur hierdie Pesagmaal af te sluit deur die folterdood en opstanding van Yeshua ons Messias te herdenk deur die gebruik van die simbole van die ongesuurde brood en die wyn (Nagmaal).

Die ongesuurde brood is 'n afbeelding en heenwysing na ons Messias wie se liggaam vir ons aan die folterpaal (kruis) gebreek is en deur wie se wonde ons genees is. Daarom herinner ons, onself aan die woorde van Yeshua toe Hy die brood geneem het en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en dit aan hulle gegee en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:23-24

[Leier gee vir elkeen 'n stukkie van die matzah wat uit die linnedoek geneem is en spreek die volgende seëngebed voor almal daarvan eet]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het wat die Brood van die Lewe is en in wie en deur wie daar in al ons behoeftes – gees, siel en liggaam – voorsien is en voorsien sal word.*

### **DIE DERDE BEKER: DIE BEKER VAN VERLOSSING**

Die beker wat Yeshua daardie aand geneem het was die derde beker, naamlik die Beker van Verlossing. Dit is ook die beker van die hernieude (nuwe) verbond en 'n afbeelding van die kosbare bloed van die Lam van God wat die waarborg van die hernieude verbond is. Dit is die kosbare bloed van ons sondevergifnis. Die bloed waarmee ons duur gekoop is. Daarom het Yeshua die beker na die maaltyd geneem en vir sy disippels gesê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:25

[Elkeen neem sy glas en die leier spreek die volgende seëngebed voor elkeen drink]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het as eenmalige offer deur wie se kosbare bloed ons vergifnis vir sondes ontvang het sowel as versoening met U volgens U ewige verbond.*

## **DIE VIERDE BEKER: DIE BEKER VAN LOFPRYsing**

Die beker van lofprijsing verteenwoordig die belofte dat YHVH die hele Israel, naamlik albei huise, naamlik Juda (Jode) en Efraim (nie-Jode) sal red, asook die belofte van die nuwe Jerusalem van waar Messias sal regeer.

Lees Deut. 30:1 tot 6:

*En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen YHVH jou God jou verdryf het, en jy jou tot YHVH jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal YHVH jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen YHVH jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal YHVH jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.*

*En YHVH jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. En YHVH jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om YHVH jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.*

Lees Open. 22:1 tot 5:

*En hy het my getoon 'n rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam. In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. En daar sal nie meer nag wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat Yahweh Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.*

In afwagting en verlange na die wederkoms van Yeshua ons Messias wanneer ons almal saam die Pesag in die nuwe Jerusalem sal vier kan ons nou staan en die beker van lofprijsing drink in die sekere wete dat dit eendag so sal wees.

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het sodat ons die ware lewe in oorfloed kan hê.*

*Amen..*



## HANDLEIDING 2: DIE VERKORTE MESSIAANSE HAGGADAH

Soos die naam aandui is hierdie 'n verkorte weergawe van die eerste handleiding, naamlik die Messiaanse Haggadah.

[**Die simbole** is soos vir die Messiaanse Haggadah, maar sonder die aansteek van kerse, asook sonder die *Karpas*, bakkie met soutwater en die *Charoseth*. Sommige van die Skrifverwysing word ook nie gelees nie]

### INLEIDING EN AGTERGROND

Ons vier die Pesag as herinnering van die bevryding van Israel van die slawejuk in Egipte, maar veral as herinnering en danksegging vir ons eie bevryding van die slawejuk van sonde deur die kruisdood en opstanding van Yeshua ons Messias. Vanaand is ons opnuut dankbaar vir die versoening deur die kosbare bloed van die Lam van God en dat elkeen wat glo die ewige lewe ontvang het.

Die wyse wat ons die Pesag vier is gebaseer op die tradisionele Joodse wyse. Die rede is dat ons as nie-Jode die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is (Rom.11:17 en Ef. 2:12 tot 14).

Ons weet dat Yeshua sy disippels gestuur het om die Pesagseder te gaan voorberei.

Lees Luk. 22:15.

*En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pesag met julle te eet voordat Ek ly.*

Ons glo dat ons Hemelse Vader en Yeshua deur die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) ook vanaand hier teenwoordig is, want dit is 'n baie spesiale geleentheid en opdrag dat ons die Pesag jaarliks moet gedenk.

Kom ons begin hierdie Pesagseder deur onself te herinner aan wat YHVH deur Moses aan Israel gesê het:

Lees Ex. 12:1 tot 14

*En YHVH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.*

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.*

*Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand. En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pesag van YHVH is dit. Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, YHVH. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. En hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van YHVH vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.*

Lees 1 Kor. 5:7 en 8

*Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuur is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Yeshua Messias. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.*



Eeue gelede het die kinders van Israel in Egipte, in die landstreek Gosen, gewoon. Daar was hulle voorspoedig en het sodanig vermeerder en suksesvol gewees dat hulle 'n bedreiging vir Farao geword het. Daarom het hy slawe van hulle gemaak. Met verloop van tyd moes hulle al harder werk onder omstandighede wat al moeiliker geword het. Dit het onuithoudbaar geword en die kinders van Israel het geroep tot die die God van Abraham, Isak en Jakob. YHVH het hulle hulpkreet gehoor en Hy het Sy verbond met Abraham onthou. Daarom het Hy sy volk onder die leiding van Moses, en met tekens en wonders, van die slawejuk bevry en hulle uit Egipte gebring.

Soos die Israeliete van ouds het ons ook gebuk gegaan onder die slawejuk van sonde. Ons het ook tot YHVH geroep om ons te verlos van die sonde en ons te vergewe. Soos Israel deur die bloed van 'n lam bevry was, so is ons elkeen ook bevry deur die bloed van die Lam van God, naamlik Yeshua ons Messias.

Op 'n aand soos vanaand het die kinders van Israel die eerste Pesag herdenk. Vanaand vier ons ook die Pesag as dankbare herinnering van dit wat YHVH vir Israel gedoen het, maar ook as herinnering dat Hy vir Yeshua Messias, Sy Seun, gestuur het om ons van die sonde en die sondeskuld te bevry.

YHVH, ons Abba Vader, beveel ons om vir ewig in herinnering te roep dit wat Hy vir ons gedoen het, in die verlede en ook nou.

Vanaand vier en gedenk ons Israel se vryheid, asook ons eie vryheid!! Ons is deel van Israel, want ons is die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is volgens Romeine 11.

Vanaand gaan ons drink van die vier bekere wyn, wat die volgende simboliseer volgens die beloftes in Ex. 6:5 en 6:

*Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is YHVH, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte; en Ek sal julle as my volk aanneem en vir julle 'n God wees. En julle sal erken dat Ek YHVH julle God is wat julle uitlei onder die harde arbeid van die Egiptenaars uit.*

Die vier bekere verteenwoordig

- Beker van Heiligmaking (Reiniging, toewyding, afsondering, *set-apart*)
- Beker van Oordeel, simbolies van die 10 plae.
- Beker van Verlossing (Bevryding).
- Beker van Lofprysing.

## **EERSTE BEKER: BEKER VAN HEILIGMAKING**

Die eerste beker is die Beker van Heiligmaking. Heiligmaking is om deur YHWH uitgeroep te word en om vir Hom uitgesonder (afgesonder) te word. Deur die bevryding van die Egiptiese slawejuk het YHWH deur die bloed van die geslagde lam vir Israel uitgeroep en afgesonder om 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie te wees:

Lees Ex. 19:5 en 6.

*As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne. En julle sal vir My 'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees. Dit is die woorde wat jy aan die kinders van Israel moet meedeel.*

Net so is ons deur die bloed van Yeshua Messias, die Lam van God, bevry en uitgeroep en afgesonder as 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom en 'n heilige volk

Lees 1 Pet. 2:9.

*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig*

Lees Rom 6:20 tot 23.

*Want toe julle diensknegte was van die sonde, was julle vry van die geregtigheid. Watter vrug dan het julle toe gehad van die dinge waarvoor julle jul nou skaam? Want die uiteinde daarvan is die dood. Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe. Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Yeshua Messias, onse Here.*

Wanneer ons vanaand van hierdie beker drink herinner ons, onself aan die kosbare bloed van Yeshua ons Messias waarmee ons duur gekoop is en waarmee YHWH ons tot 'n lewe van heiligmaking uitgekies het. Soos daar geskrywe staan: *Wees heilig want ek is heilig* (Matt. 5:48)

Laat ons dan met dit in gedagte van die eerste beker drink – die beker van heiligmaking. [Elkeen neem 'n slukkie van sy wyn/druiwesap]

## **DIE AFIKOMAN: Breek van middelste Matzah**

Die Afikoman in die wit linnedoek is 'n duidelike heenwysing na Yeshua Messias en van sy kruisiging, begrafnis en opstanding. Die drie ongesuurde brode in die *matzah tash* (sakkie) verteenwoordig die Vader, die Seun en die Heilige Gees (die *Ruach HaKodesh*)

[Die leier haal die middelste matzah, wat Yeshua Messias verteenwoordig, uit en breek dit in twee].

Lees Jes. 53:5:

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.*

Die letterlike betekenis van Afikoman is ondermeer: *Dit wat later kom!* Hierdie is die brood wat Yeshua die aand van die Pesag saam met sy disippels geëet het.

Lees Joh. 6:48 tot 51.

*Ek is die brood van die lewe. Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.*

Hierdie is ook die ongesuurde brood wat ons voorvaders die eerste Pesag in Egipte geëet het en is 'n afbeelding van die Fees van Ongesuurde Brood wat die dag na die Pesag, naamlik 15 Nisan, begin en vir sewe dae duur.

Lees Deut. 16:3

*Jy mag geen gesuurde brood daarby eet nie; sewe dae lank moet jy ongesuurde brode daarby eet, brood van ellende—want baie haastig het jy uit Egipteland uitgetrek—sodat jy al die dae van jou lewe die dag van jou uittog uit Egipteland in gedagtenis kan hou.*

[Die een gedeelte word nou teruggeplaas in die matzah tash (sakkie) en die ander gedeelte word toegedraai in die linnedoek.]

Yeshua was toegedraai in 'n wit linne doek en was drie dae en drie nagte in die graf.

Lees Matt. 27:57 tot 61.

*En toe dit aand geword het, het daar 'n ryk man van Arimathéa gekom met die naam van Josef, wat self ook 'n dissipel van Yeshua was. Hy het na Pilatus gegaan en die liggaam van Yeshua gevra. Toe beveel Pilatus dat die liggaam afgegee moes word. En Josef het die liggaam geneem en dit met skoon linne toegedraai en dit in sy nuwe graf gelê wat hy in die rots uitgekap het; en nadat hy 'n groot steen teen die opening van die graf gerol het, het hy weggegaan. En Maria Magdaléna was daar en die ander Maria, en hulle het reg voor die graf gesit.*

Lees. Jes. 53:1 tot 12.

*Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van YHVH geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlijkheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.*

*Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Nogtans het Hy óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte—dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was.*

*Maar Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar YHVH het die ongeregthede van ons almal op Hom laat neerkom.*

*Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders—ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote—wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom.*

*En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie. Maar dit het YHVH behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehag van YHVH sal deur sy hand voorspoedig wees.*

*Weens die moeitevolle lyde van sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hy sal hulle skuld dra. Daarom sal Ek Hom 'n deel gee onder die grotes, en met magtiges sal Hy buit verdeel; omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.*

### **DIE TWEDE BEKER: DIE BEKER VAN OORDEEL**

Die tweede beker verteenwoordig die beker van oordeel soos deur die tien plaë uitgebeeld word.

Lees Ex. 12:23 tot 27.

*Want YHVH sal deurtrek om die Egiptenaars swaar te tref. Maar wanneer Hy die bloed sien aan die bo-drumpel en aan die twee deurposte, sal YHVH by die deur verbygaan en die verderwer nie toelaat om in julle huise in te gaan om te slaan nie. Onderhou dan hierdie saak as 'n insetting vir jou en jou kinders tot in ewigheid. En as julle in die land kom wat YHVH aan julle sal gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie diens onderhou. En as julle kinders julle vra: Wat beteken die diens daar? dan moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan YHVH, wat by die huise van die kinders van Israel in Egipte verbygegaan het, toe Hy die Egiptenaars getref maar ons huise gered het. Toe het die volk in aanbidding neergebuig.*

Lees Ex. 13:8 tot 10

*En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHVH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. En dit moet vir jou as 'n teken wees op jou hand en 'n gedenkteken tussen jou oë, sodat die wet van YHVH in jou mond mag wees; want deur 'n sterke hand het YHVH jou uit Egipte uitgelei. Daarom moet jy hierdie insetting onderhou op die daarvoor bepaalde tyd, van jaar tot jaar.*

Ons moet die Pesag jaarliks vier soos YHVH ons Abba Vader ons beveel het.

**[Indien kinders deel van die Pesagseder is kan die verhaal van die Israeliete in Egipte, van Moses en sy vlug uit Egipte, die roeping van Moses, die tien plaë; die instelling van die Paasfees en die uittog uit Egipte vertel word. Andersins kan daar direk oorgegaan word tot die drink van die tweede beker.]**

Die tweede beker wat ons drink is dus 'n herinnering aan die oordele (tien plaë) wat YHVH oor Egipte gebring het en as 'n herinnering dat in Yeshua is ons eie sonde geoordeel en gestraf. Die tien plaë is 'n herinnering dat wanneer die mens teen God se wil handel (sondig) is die gevolg oordeel en

straf. So herinner ons, onself daaraan dat die loon van die sonde die dood is. Die Psalmdigter sê: My beker loop oor. 'n Beker wat oorloop simboliseer oorfloed en vreugde. Die mens wat nie in die weë van die Almagtige wandel nie, se beker sal nie oorloop nie.

Deur die kragtige hand van YHVH het Hy Israel bevry. Elkeen wat in sy huis, waar die bloed aan die deurkorsyne gesmeer was, geëet het van die Paaslam, saam met ongesuurde brode en bitterkruie het Egipte as bevrydes verlaat. YHVH het Israel deur die Rooisee gelei, aan hulle water en manna voorsien, die Sabbat as rusdag gegee en by die berg Sinai vir hulle Torah gegee waarin ondermeer die belofte van die verlossing deur Yeshua in opgeteken is.

Ons kan waarlik YHVH loof en prys dat Hy op 'n bonatuurlike wyse ons voorgeslagde en inderwaarheid onself gered het deur die sondes van Farao te oordeel en so ook ons eie sondes in Yeshua Messias ge-oordeel het sodat ons vry van sondeskuld Hom kan dien. Israel is bevry deur die dood van die eersgeborene. Ons is bevry deur die dood van YHVH se eersgeborene, Yeshua ons Messias.

Kom ons drink van die beker wat ons herinner aan YHVH se oordeel wat tot ons bevryding gelei het.

### **Die drie simbole van Pesag: Die lam, die ongesuurde brode en die bitterkruie:**

Alleenlik wanneer ons die geestelike betekenis van drie simbole verstaan kan ons die ware doel en betekenis van die Pesag verstaan. Laat ons dan onself vanaand opnuut hieraan herinner.

#### **Die Lam:**

Die lam is 'n herinnering aan die lam wat geslag was en die bloed van die lam wat met 'n hissoptakkie aan die deurkorsyne gesmeer was. Die geslagde lam was oor vuur gebraai en elkeen het daarvan geëet.

Lees Joh. 1:29 en 36

*Die volgende dag sien Johannes Yeshua na hom toe kom, en hy sê:  
Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*

Lees Hand. 8:32

*En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít:  
Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.*

Lees 1 Pet. 1 :18 tot 20

*omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Messias, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,*

Yeshua Messias is ons Paaslam wat vir ons geslag is. Die bloed van die Lam van God is ons vergifnis en versoening. Waar YHWH die bloed van die Lam aan die deurkosyne van ons harte sien, sal Hy verbygaan in die dag van oordeel.

### **Die Ongesuurde Brood:**

Die ongesuurde brood is 'n herinnering dat ons alle suurdeeg (sonde) uit ons lewens moet verwyder. Dit is ook 'n herinnering dat Yeshua die Brood van die Lewe is en dat ons nie net van brood alleen kan lewe nie, maar van elke Woord uit die mond van YHWH.

Lees Ex. 12:20

*Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode eet.*

Lees Rom. 6:11 en 12

*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Yeshua Messias, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.*

Lees Joh. 6:33 en 35

*Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.*

*En Yeshua sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*

Wanneer ons nou hiervan eet, doen ons dit met nuwe toewyding om aan die vleeslike begeertes te sterf. Ons doen dit ook met dankbare harte dat daar in Yeshua in al ons behoeftes voorsien word – gees, siel en liggaam.

[Leier haal die oorblywende matzah uit die sakkie en breek 'n stukkie af vir elkeen om te eet].

## Die Bitter Kruie

Die bitterkruie simboliseer die swaarkry, naamlik die bitterheid van die lewe as slawe in Egipte. Dit herinner ons ook aan die bitterheid van die lewe as slawe van sonde toe ons nie die soetheid (vreugde) geken het van 'n lewe in Yeshua Messias nie.

Lees Ex. 1:13 en 14

*Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met hardheid laat dien en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye—al dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig het.*

Lees Ex. 12:8

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.*

Lees Rom. 6:17 en 18

*Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.*

[Leier gee vir elkeen nog 'n stukkie matzah en elkeen doop dit in die bitterkruie en eet dit]

Jaar na jaar moet ons mekaar herinner en ons kinders vertel dat ons almal uit Egipte, naamlik uit sonde weggetrek het. Soos dit in Torah opgeskryf is: En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHWH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. (Ex. 13:8)

## NOU WORD DIE SEDERMAAL GEËET

**[Die sederbord en ander simbole, behalwe die vier glase wyn, kan nou ook verwyder word]**

## DIE AFIKOMAN

[Na die maaltyd word al die borde en opskepbakke van die tafel verwyder, behalwe die vier glase wyn en 'n glas wyn/druiwesap vir elke persoon. Die leier haal nou die toegedraaide matzah uit die linnedoek]



Hierdie is 'n duidelike afbeelding van die opstanding van Yeshua Messias. Hy was in wit linne toegdraai en in die graf geplaas. Ons Messias het egter opgestaan en die graf was leeg. Daar was net die wit linnedoek in die graf.

Lees Luk 24:12

*Maar Petrus het opgestaan en na die graf gehardloop; en toe hy neerbuk, sien hy die doeke alleen lê. En hy het weggegaan huis toe, vol verwondering oor wat gebeur het.*

Daarom is dit gepas dat ons die voorbeeld van ons Messias volg deur hierdie Paasmaaltyd af te sluit deur die kruisdood en opstanding van Yeshua ons Messias te herdenk deur die gebruik van die simbole van die ongesuurde brood en die wyn (Nagmaal).

Die ongesuurde brood is 'n afbeelding en heenwysing na ons Messias wie se liggaam vir ons aan die kruis gebreek is en deur wie se wonde ons genees is. Daarom herinner ons, onself aan die woorde van Yeshua toe Hy die brood geneem het en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en dit aan hulle gegee en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:23-24

[Leier gee vir elkeen 'n stukkie van die matzah wat uit die linnedoek gehaal is en spreek die volgende seëngebed voor almal eet]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het wat die Brood van die Lewe is en in wie en deur wie daar in al ons behoeftes – gees, siel en liggaam – voorsien is en voorsien sal word.*

### **DIE DERDE BEKER: DIE BEKER VAN VERLOSSING**

Die beker wat Yeshua daardie aand geneem het was die derde beker van verlossing. Dit is ook die beker van die hernude (nuwe) verbond en 'n afbeelding van die kosbare bloed van die Lam van God wat die waarborg van die hernude verbond is. Dit is die kosbare bloed van ons sondevergifnis. Daarom het Yeshua die beker na die maaltyd geneem en vir sy disippels gesê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:25

[Elkeen neem sy glas en die leier spreek die volgende seëngebed voor elkeen drink]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het as eenmalige offer deur wie se kosbare bloed ons vergifnis vir sondes ontvang het sowel as versoening met U volgens U ewige verbond.*

## **DIE VIERDE BEKER: DIE BEKER VAN LOFPRYsing**

Die beker van lofprijsing verteenwoordig die belofte dat YHVH die hele Israel, naamlik albei huise van Jode en nie-Jode sal red, asook die belofte van die nuwe Jerusalem waar Messias sal regeer

Lees Deut. 30:1 tot 6:

*En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen YHVH jou God jou verdryf het, en jy jou tot YHVH jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal YHVH jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen YHVH jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal YHVH jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.*

*En YHVH jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. En YHVH jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om YHVH jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.*

Lees Open. 22:1 tot 5:

*En hy het my getoon 'n rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam. 2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. 3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. 4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. 5 En daar sal nie meer nag wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat Yahweh Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.*

In afwagting en verlange na die wederkoms van Yeshua ons Messias wanneer ons almal saam die Pesag in die nuwe Jerusalem sal vier kan ons nou staan en die beker van lofprijsing drink in die sekere wete dat dit eendag so sal wees.

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het sodat ons die ware lewe in oorfloed kan hê.  
Amen..*



## HANDLEIDING 3: DIE PESAGSEDER HAGGADAH

Feitlik alle Joodse tradisies is uitgehaal en hierdie is 'n baie kort weergawe van hoe die Pesagseder gevier kan word.

### Slegs die volgende simbole word benodig:

- ❖ 'n Skeenbeen van 'n lam as herinnering van die Paaslam wat geslag is (Ex. 12:5 en 6). Hierdie kan weggelaat word
- ❖ Bitter kruie (Ex. 12:8). Gewoonlik word gerasperde radyse of uie gebruik
- ❖ Ongesuurde brood (Matzah)
- ❖ Glas met wyn, asook 'n glas met wyn of druiwesap vir elkeen

### INLEIDING EN AGTERGROND

Ons vier die Pesag as herinnering van die bevryding van Israel van die slawejuk in Egipte, maar veral as herinnering en danksegging vir ons eie bevryding van die slawejuk van sonde deur die kruisdood en opstanding van Yeshua ons Messias. Vanaand is ons opnuut dankbaar vir die versoening deur die kosbare bloed van die Lam van God en dat elkeen wat glo die ewige lewe ontvang het.

Ons weet dat Yeshua sy disippels gestuur het om die Pesagseder te gaan voorberei.

Lees Luk. 22:15.

*En Hy sê vir hulle: Ek het baie sterk daarna verlang om hierdie Pesag met julle te eet voordat Ek ly.*

Ons glo dat ons Vader en Yeshua deur die Ruach HaKodesh (Heilige Gees) ook vanaand hier teenwoordig is, want dit is 'n baie spesiale geleentheid en opdrag dat ons die Pesag jaarliks moet gedenk.

Lees Ex. 12:1 tot 14

*En YHVH het met Moses en Aäron in Egipteland gespreek en gesê: Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees; dit moet vir julle die eerste van die maande van die jaar wees. Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen 'n lam neem volgens die families, 'n lam vir 'n huisgesin. Maar as 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, dan moet hy en sy buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie. Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand. En hulle moet van die bloed neem en dit stryk aan die twee deurposte en aan die bo-drumpel, aan die huise waarin hulle dit eet.*

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet. Julle moet daarvan nie eet as dit rou is en as dit in water gaar gekook is nie, maar oor die vuur gebraai, die kop en pootjies saam met die binnegoed.*

*Julle mag daar ook niks van laat oorbly tot die môre toe nie; maar wat daarvan tot die môre oorbly, moet julle met vuur verbrand. En só moet julle dit eet: Julle heupe moet omgord wees, julle skoene aan jul voete en julle staf in jul hand; baie haastig moet julle dit eet. 'n Pesag van YHVH is dit. Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, YHVH. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan. En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie. En hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees, en julle moet dit as 'n fees tot eer van YHVH vier. Julle moet dit in julle geslagte as 'n ewige insetting vier.*

Eeue gelede het die kinders van Israel in Egipte, in die landstreek Gosen, gewoon. Daar was hulle voorspoedig en het sodanig vermeerder en suksesvol gewees dat hulle 'n bedreiging vir Farao geword het. Daarom het hy slawe van hulle gemaak. Met verloop van tyd moes hulle al harder werk onder omstandighede wat al moeiliker geword het. Dit het onuithoudbaar geword en die kinders van Israel het geroep tot die die God van Abraham, Isak en Jakob. YHVH het hulle hulpkreet gehoor en Hy het Sy verbond met Abraham onthou. Daarom het Hy sy volk onder die leiding van Moses, en met tekens en wonders, van die slawejuk bevry en hulle uit Egipte gebring.

Soos die Israeliete van ouds het ons ook gebuk gegaan onder die slawejuk van sonde. Ons het ook tot YHVH geroep om ons te verlos van die sonde en ons te vergewe. Soos Israel deur die bloed van 'n lam bevry was, so is ons

elkeen ook bevry deur die bloed van die Lam van God, naamlik Yeshua ons Messias.

Op 'n aand soos vanaand het die kinders van Israel die eerste Pesag herdenk. Vanaand vier ons ook die Pesag as dankbare herinnering van dit wat YHVH vir Israel gedoen het, maar ook as herinnering dat Hy vir Yeshua Messias, Sy Seun, gestuur het om ons van die sonde en die sondeskuld te bevry.

YHVH, ons Abba Vader, beveel ons om vir ewig in herinnering te roep dit wat Hy vir ons gedoen het, in die verlede en ook nou.

Vanaand vier en gedenk ons Israel se vryheid, asook ons eie vryheid!! Ons is deel van Israel, want ons is die wilde olyftak wat op die mak olyfboom ingeënt is volgens Romeine 11.

Ons moet die Pesag jaarliks vier soos YHVH ons Vader ons beveel het.

**[Indien kinders deel van die Pesagseder is kan die verhaal van die Israeliete in Egipte, van Moses en sy vlug uit Egipte, die roeping van Moses, die tien plae; die instelling van die Paasfees en die uittog uit Egipte vertel word. Andersins kan daar direk oorgegaan word tot die verduidelik van die drie simbole van die Pesag].**

### **DIE DRIE SIMBOLE VAN PESAG: Die lam, die ongesuurde brode en die bitterkruie:**

Alleenlik wanneer ons die geestelike betekenis van drie simbole verstaan kan ons die ware doel en betekenis van die Pesag verstaan. Laat ons dan onself vanaand opnuut hieraan herinner.

#### **Die Lam:**

Die lam is 'n herinnering aan die lam wat geslag was en die bloed van die lam wat met 'n hissoptakkie aan die deurkosyne gesmeer was. Die geslagde lam was oor vuur gebraai en elkeen het daarvan geëet.

Lees Joh. 1:29 en 36

*Die volgende dag sien Johannes Yeshua na hom toe kom, en hy sê:  
Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!*

Lees Hand. 8:32

*En die gedeelte van die Skrif wat hy besig was om te lees, was dít:  
Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word, en soos 'n lam wat stom is voor die een wat hom skeer, so maak Hy sy mond nie oop nie.*

Lees 1 Pet. 1 :18 tot 20

*omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Messias, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,*

Yeshua Messias is ons Paaslam wat vir ons geslag is. Die bloed van die Lam van God is ons vergifnis en versoening. Waar YHVH die bloed van die Lam aan die deurkosyne van ons harte sien, sal Hy verbygaan in die dag van oordeel.

### **Die Bitter Kruie**

Die bitterkruie simboliseer die swaarkry, naamlik die "bitterheid" van die lewe as slawe in Egipte. Dit herinner ons ook aan die "bitterheid" van die lewe as slawe van sonde toe ons nie die soetheid (vreugde) geken het van 'n lewe in Yeshua Messias nie.

Lees Ex. 1:13 en 14

*Daarom het die Egiptenaars die kinders van Israel met hardheid laat dien en hulle lewe verbitter deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die landerye—al dié werk wat hulle met hardheid deur hulle laat verrig het.*

Lees Ex. 12:8

*En hulle moet die vleis in dieselfde nag eet, oor die vuur gebraai; saam met ongesuurde brode moet hulle dit met bitter kruie eet.*

Lees Rom. 6:17 en 18

*Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is, en, vrygemaak van die sonde, het julle diensbaar geword aan die geregtigheid.*

[Leier neem die matzah en breek vir elkeen 'n stukkie af. Elkeen doop dit in die bitterkruie en eet dit as herinnering van die "bitterheid" van sonde, maar nou ook met dankbaarheid vir die vergifnis en bevryding wat in Yeshua Messias ontvang is]

### **Die Ongesuurde Brood:**

Die ongesuurde brood is 'n herinnering dat ons alle suurdeeg (sonde) uit ons lewens moet verwyder. Dit is ook 'n herinnering dat Yeshua die Brood van die Lewe is en dat ons nie net van brood alleen kan lewe nie, maar van elke Woord uit die mond van YHVH.

Lees Ex. 12:20

*Julle mag niks eet met suurdeeg in nie. In al julle woonplekke moet julle ongesuurde brode eet.*

Lees 1 Kor. 5:7 en 8

*Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Yeshua Messias. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.*

Lees Rom. 6:11 en 12

*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Yeshua Messias, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie.*

Lees Joh. 6:33 en 35

*Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.*

*En Yeshua sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.*

Wanneer ons nou hiervan eet, doen ons dit met nuwe toewyding om aan die vleeslike begeertes, naamlik die sonde te sterf. Ons doen dit ook met dankbare harte dat daar in Yeshua in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien word.

[Leier neem die matzah en breek vir elkeen stukkies af om te eet as herinnering dat elkeen geen plek vir die sonde in sy / haar lewe moet gee nie].

Jaar na jaar moet ons mekaar herinner en ons kinders vertel dat ons almal uit Egipte, naamlik uit sonde weggetrek het. Soos dit in Torah opgeskryf is: En jy moet jou seun op dié dag vertel en sê: Dit geskied ter wille van wat YHVH aan my gedoen het toe ek uit Egipte uitgetrek het. (Ex. 13:8)

## NOU WORD DIE SEDERMAAL GEËET

**[Na die maaltyd word al die borde en opskepbakke van die tafel verwyder, behalwe die ongesuurde brood en 'n glas wyn/druiwesap vir elke persoon.]**

Dit is gepas dat ons die voorbeeld van ons Messias volg deur hierdie Paasmaaltyd af te sluit deur die kruisdood en opstanding van Yeshua ons Messias te herdenk deur die gebruik van die simbole van die ongesuurde brood en die wyn van die Nagmaal.

Die ongesuurde brood is 'n afbeelding en heenwysing na ons Messias wie se liggaam vir ons aan die kruis gebreek is en deur wie se wonde ons genees is. Daarom herinner ons, onself aan die woorde van Yeshua toe Hy die brood geneem het en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en dit aan hulle gegee en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:23-24

[Leier gee vir elkeen 'n stukkie van die matzah en spreek die volgende seëngebed voor almal daarvan eet]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het wat die Brood van die Lewe is en in wie en deur wie daar in al ons behoeftes – gees, siel en liggaam – voorsien is en voorsien sal word.*

Die beker wat Yeshua daardie aand geneem het was (die derde) beker van verlossing. Dit is ook die beker van die hernude (nuwe) verbond en 'n afbeelding van die kosbare bloed van die Lam van God wat die waarborg van die hernude verbond is. Dit is die kosbare bloed van ons sondevergifnis. Daarom het Yeshua die beker na die maaltyd geneem en vir sy disippels gesê: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis. 1 Kor. 11:25

[Elkeen neem sy glas en die leier spreek die volgende seëngebed voor elkeen drink]

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het as eenmalige offer deur wie se kosbare bloed ons vergifnis vir sondes ontvang het sowel as versoening met U volgens U ewige verbond.*

Vanaand het ons ook die sekerheid van die belofte dat YHVH ons Here die hele Israel, naamlik albei huise van Jode en nie-Jode sal red, asook die belofte van die nuwe Jerusalem waar Messias sal regeer.



Lees Deut. 30:1 tot 6:

*En as al hierdie dinge oor jou kom, die seën en die vloek wat ek jou voorgehou het, en jy dit ter harte neem onder al die nasies waarheen YHVH jou God jou verdryf het, en jy jou tot YHVH jou God bekeer en na sy stem luister net soos ek jou vandag beveel, jy en jou kinders, met jou hele hart en met jou hele siel, dan sal YHVH jou God jou lot verander en Hom oor jou ontferm; en Hy sal jou weer versamel uit al die volke waarheen YHVH jou God jou verstrooi het. Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal YHVH jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.*

*En YHVH jou God sal jou bring in die land wat jou vaders in besit geneem het, en jy sal dit in besit neem; en Hy sal aan jou goed doen en jou vermenigvuldig meer as jou vaders. En YHVH jou God sal jou hart besny en die hart van jou nageslag, om YHVH jou God lief te hê met jou hele hart en met jou hele siel, dat jy kan lewe.*

Lees Open. 22:1 tot 5:

*En hy het my getoon 'n rivier van die water van die lewe, helder soos kristal, wat uitstroom uit die troon van Elohiem en van die Lam. 2 In die middel van sy straat en weerskante van die rivier was die boom van die lewe wat twaalf maal vrugte dra en elke maand sy vrugte gee, en die blare van die boom is tot genesing van die nasies. 3 En daar sal geen enkele vervloeking meer wees nie, en die troon van Elohiem en van die Lam sal daarin wees, en sy diensknegte sal Hom dien. 4 En hulle sal sy aangesig sien, en sy Naam sal op hulle voorhoofde wees. 5 En daar sal nie meer nag wees nie; en hulle het geen lamp of sonlig nodig nie, omdat Yahweh Elohiem hulle verlig; en hulle sal as konings regeer tot in alle ewigheid.*

In afwagting en verlange na die wederkoms van Yeshua ons Messias wanneer ons almal saam die Pesag in die nuwe Jerusalem sal vier kan ons nou hierdie Pesagseder afsluit met die woorde:

*Geseënd is U Vader YHVH, ons Elohiem, wat vir ons Yeshua Messias gegee het sodat ons die ware lewe in oorvloed kan hê.  
Amen.*

-O-O-O-O-O-O-O-O-